Wes-Kaapse Onderwysdepartement
May Davids en Mark van der Vendt
Direktoraat: Strategiese Mensbestuur
May.Davids@westerncape.gov.za | 021 467 2365
Mark.VanderVendt@westerncape.gov.za |021 467 2509

Lêerno.: 3/3/2/4/12
Verwysing: 20230130-821

Strategiese Mensbestuursminuut: 0003/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Adjunkdirekteure, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Distrikskurrikulumondersteuning, Hoofde: Distriksleerderondersteuning, Prinsipale en alle Staatsdienspersoneel

Onderwerp: Die belangrikheid vir opvoeders en staatsamptenare om aansoek te doen vir toestemming om besoldigde werk buite die staatsdiens te verrig

1. Artikel 33 van die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998 (Wet 76 van 1998), artikel 30(1) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), soos gewysig, en artikel 13(c) van die Staatsdiensregulasies, 2016, soos uitgereik in *Staatskoerant* Nr. 40167 van 29 Julie 2016, lig alle werknemers in aangaande hul verpligting om by die Hoof van die Departement om toestemming aansoek te doen indien hulle besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) wil verrig.

2. Werknemers wat nog nie goedkeuring gevra het om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig nie, asook diegene wat van voorneme is om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te doen, moet onmiddellik hul aansoeke om sodanige werk te verrig, indien. Goedkeurings word per boekjaar (01 April tot 31 Maart van die volgende jaar) toegestaan en werknemers moet dus jaarliks vooruit aansoek doen.

3. Om toestemming te verkry moet die aangehegte aansoekvorm voltooi en by die volgende adres ingedien word:

   Hoof: Onderwys
   Vir aandag: Direkteur: Strategiese Mensbestuur
   Wes-Kaapse Onderwysdepartement
   Privaatsak X9114
   KAAPSTAD
   8000

   OF

   Stuur 'n e-pos aan: RWOPS.Applications@westerncape.gov.za

4. Werknemers wie se persoonlike besonderhede aan 'n privaat maatskappy op die register van die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom gekoppel is en wat nie langer besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) verrig nie, word vriendelik versoek om te verseker dat hulle behoorlik gederegistreer is.

5. Werknemers wat verplig is om hul finansiële belang openbaar te maak en aansoek gedoen het om toestemming om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig, moet verseker dat hulle rekord hou van die brief wat aan hulle toestemming verleen om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig, ten einde die brief op die eDisclosure System te laai.

6. Werknemers wat bykomende besoldiging van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) ontvang om onder meer op te tree as matriekeksamennasieners, opleiers/fasiliteerders en onderwysers wat toesighoudende pligte by koshuise uitvoer, hoef nie aansoek te doen om toestemming om besoldigde werk buite die staatsdiens (RWOPS) te verrig nie, aangesien bykomende betalings ingevolge bestaande wetgewende bepalings gewaarborg word.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle werknemers onder u toesig.

GETEKEN: LJ ELY
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KORPORATIEWE DIENSTE
DATUM: 2023-02-08